**Helize van Vuuren**
Helize van Vuuren is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Port Elizabeth.
E-pos: helize@absamail.co.za

# Vroeë Oos-Kaapse tekste: Andrew Geddes Bain (1797–1864)

**Early Eastern Cape Texts: Andrew Geddes Bain (1797–1864)**

Andrew Geddes Bain: fervent letter writer of satirical sketches of contemporary life, transport entrepreneur, military man, farmer, builder of bridges in the dry stone walling technique, autodidact, discoverer of the "Blinkwater Monster" fossil, as well as dramatist of "Kaatje Kekkelbek". Andrew Geddes Bain's journal (1949) offers insights into a fascinating life in the Eastern Cape at the beginning of the eighteenth century. The journal of Bain reconstructs not only his own life, but also the multi-faceted daily life and interactions of the various communities in the colony. His sense of humour, intelligence, innovation and inquisitive mind make him an unforgettable colonial character, and his writings fascinating and endurable monuments, like his passes and bridges still standing in the Eastern Cape to this day. As forefather of South African geology and pioneer road builder, Bain may also be seen as forefather of the satirical tradition in South African literature. **Key words:** Andrew Geddes Bain, Eastern Cape literature, satire.

Die skrywer van die satiriese "Kaatje Kekkelbek" (1838) word soms verwar met die Suid-Afrikaanse skilder, Thomas Baines (1820-1875). Hulle vanne is wel gelykluidend, maar verder het hul slegs in gemeen dat albei se lewensgang deeglik op rekord gestel is, en dat albei besonder aktiewe mense in die vorige eeu in Suid-Afrika was. Baines het deur sy olieverfskilderye en tekeninge 'n visuele rekord agtergelaat van Suid-Afrikaanse mense en gebeure in die vorige eeu (sien Carruthers & Arnold, 1995). Andrew Geddes Bain het dagboeke gehou van die opspraakwekkendste gebeure in sy lewe, wat in 1949 deur Margaret Lister uitgegee is as *Journals of Andrew Geddes Bain. Trader, Explorer, Soldier, Road Engineer and Geologist.*

Dié dagboek is boeiend en onderhoudend: deels om die ryk-geskakeerde en opwindende lewe wat Bain gelei het, en deels as gevolg van sy humorsin en fyn oog vir menslike eienaardighede wat hier weergegee word. Dis nie bloot 'n relaas van dagboekaantekeninge nie: die tekstuur word verryk met briewe, streekbeskrywings, dialoog en gedigte. In hierdie tye waar die sogenaamde ego-dokument in die vorm van dagboeke, gepubliseerde briewe en outobiografieë weer besonder in die brandpunt staan (dink maar aan Jan Rabie se boeiende *Paryse dagboek*,

(1998) oor sy lewe in die Franse hoofstad in die veertiger- en vyftigerjare, en Hennie Aucamp se twee Kaapse dagboeke, *Gekaapte tyd* (1995) en *Allersiele* (1996) is Bain se joernaal herlees deur en deur werd.

Bain is in 1797 in Thurso, Skotland gebore, die enigste kind van eenvoudige plattelandse mense. Op 19-jarige ouderdom kom hy in Kaapstad aan, en trou twee jaar later, in 1818, met Maria Elizabeth von Backstrom, die dogter van 'n man wat as vertaler gewerk het aan die Kaap, en Engels, Frans, Duits en Nederlands magtig was. Teen 1822 is Bain gevestig in Graaff-Reinet, waar hy vir dertien jaar sou bly in sy eie "handsome house in Napier street" (Lister in Bain, 1949: xxiii). Hy is in dié dae besonder geïnteresseerd in openbare sake, en skryf gereeld briewe, dikwels met 'n satiriese inslag, in *The South African Commercial Advertiser* en *The Graham's Town Journal*. Na verkryging van 'n handelslisensie vertrek Bain en sy vennoot, John Biddulph in 1829 na Betsjoeanaland en kom terug met waens vol ivoor. Kort na sy terugkeer maak Bain 'n pas teen die Oudeberg. Hy raak ook in die pers betrokke in 'n aantal lastersake. In die eerste saak het die Trekleier Gerrit Maritz Bain gedreig, na Bain as volg oor hom geskryf het: "Defendant is of Herculean frame and has already distinguished himself in the pugilistic annals of Graaff Reinet by fighting in the streets with another champion who blackened his eyes for him" (Lister in Bain, 1949: xxiii).

Die *Advertiser* moes Maritz £10 betaal aan skadevergoeding. In 1833 publiseer sowel die *Zuid-Afrikaan* as *The Graham's Town Journal* Bain se spottende verslag van die komiese gebeure toe 'n Graaff Reinetse kommando uitgegaan het om 'n bende Koranna-rowers te gaan straf:

> there must have been at least 400 men, with three brass field pieces, two of which were without carriages, that took the field against an undisciplined band of savages, according to the highest accounts not exceeding 100 (…) Each warrior was followed, sometimes at a distance of 50 to 100 paces, by his "squire", or "aghter ryder" who carried his musket for him in such a manner as to be entirely unprepared for any sudden attack.

Chaos breek uit as die Korannas skielik begin skiet:

> Many were thrown from their horses while others were lustily vociferating to their squires, Klaas, Piet or Kees, as the case might be, Bring myn roer! Bring myn roer! (…) they kept peppering away until it was discovered that the enemy had fled and the Burghers had been amusing themselves for some time by firing at one another (…) Thus ended the "glorious expedition" which is at present

> a jest even of the women of this disctrict (*Graham's Town Journal*, 7.2.1833).

Die leier van die ekspedisie het aanvanklik vir Bain gedreig met 'n lastersaak, in 'n poging om hom sy woorde te laat terugtrek, maar die Hooggeregshof in Kaapstad het in sy guns beslis. In Augustus 1834 vertrek Bain weer op 'n laaste groot reis. Hy verloor al sy waens en inhoud in 'n botsing met Moselekatse en die Matabele. In Desember 1834, verlore gewaan deur sy familie, keer Bain terug na Graaff-Reinet en berig van die effek van die grensoorlog van 1834-5: "the whole country from this to the Tarka (is) one scene of ruin and commotion".

In 1835 word hy aangestel as Kaptein van die Beaufort-troepe, 'n Khoi-groep, gebaseer by die tydelike militêre pos te Fort Thomson, aan die Tyumie-rivier (digby die dorp, Alice). Bain word 'n plaas van 3000 morge toegeken, hy bou 'n kothuis, plant gewasse en maak leivore. Nadat hoofman Tyali die dik stroom water gesien het wat Bain oor sy grond lei vanuit die Tyumie-rivier, vra hy vir Bain om hom te wys hoe om water te lei, want hy wat Tyali is wil ook ploeg. Hy versoek Bain ook om 'n paar spanne van sy osse op te lei om te ploeg. Intussen besluit Andries Stockenström dat die buffersone, beset deur Bain en die militêre fort, teruggegee moet word aan die Xhosa. Bain skryf as gevolg in sy joernaal:

> I still urged Chief Tyali to commence his watercourse, telling him that his oxen were trained and fit for ploughing, when he made this memorable reply: "Tyali has altered his mind since he got his land back again. Tyali is a Kafir, a son of Gachabie, and he is not going to spoil his oxen with ploughing while he has plenty of wives to till the ground for him." Tyali now addresssed me: "You must now pay me a cow for having had my oxen so long in your plough." This rather surprised me but, finding remonstrance vain, I told him I could not spare a cow but would give him the value in money. "No," said he, "I don't want a cow that I can put in my pocket but one that can walk on its legs." To make a long story short I was obliged to pay him a cow for having trained his oxen! (Bain, 1949: 188-189).

In 1836, met die opheffing van die buffersone waarvan Bain se plaas deel was, verloor hy dus alles. In 1837 word hy toesighouer van militêre paaie, en hiervandaan begin sy loopbaan as self-geleerde geoloog: "Thus the loss of the farm was the cause of a complete change in the pattern of his life, for Bain turned out to be a born road enigneer and he remained

in that profession for the rest of his days. He has won recognition and even world fame among geologists" (Lister in Bain, 1949: xxiv).

Tussen 1837 en 1845 bou hy verskillende paaie, soos die Queenspad tussen Grahamstad en Fort Beaufort, en Plutosdalpad tussen Grahamstad en Brekfisvlei. In idilliese afgeleë passe soos Plutosdal en Bainskloof staan sy handewerk vandag, meer as 'n eeu en 'n half later, nog stewig. Terwyl hy paaie gemaak het, het hy fossiele ontdek en begin bestudeer. In 1837 leen hy Lyell se *Principles of Geology*, en bestudeer as outodidak die beginsels van geologie. In 1844 ontdek hy die Blinkwater Monster, 'n nuwe fossiel genaamd *dicynodon*. Hy stuur fossiele en 'n brief oor Oos-Kaapse geologie aan die Geologiese vereniging in Londen, en ontvang in 1845 'n toekenning van £200 van die Britse regering vir sy besonderse navorsing: "This proof of the value of his researches must have convinced those who doubted the importance of Bain's fossils and had refused his offer of a collection for the proposed Graham's Town Museum" (Lister in Bain, 1949: xxvi).

In 1845 word hy inspekteur van paaie in die Westelike Provinsie, waar hy in 1848 Mitchellspas, en in 1854 Bainskloof bou deur die metode van *drystone walling* wat hy sy bandiete-werkers leer: "So careful was he to insist upon only the best work that these stone walls, many of them sixty to seventy feet high and running for long distances, have remained intact to this day and excite the admiration and surprise of modern engineers to whom drystone walling is becoming a lost art, for it is seldom used in modern construction" (Lister in Bain, 1949: xxix).

Hy ervaar 'n oomblik van verblindende insig as hy naby Beaufort-wes in die Karoo op 'n tog is, en varswaterfossiele ontdek: "(Suddenly) a flood of light burst on my astonished imagination. Could the immense space have formerly been a great lake?" (Lister in Bain, 1949: xxix).

Hy formuleer die Lacustrine teorie (*lacus* = meer) – dat die Karoo eers 'n meer was. Hierdie teorie was lank standhoudend, hoewel daar nou algemeen aanvaar word dat die Karoo eerder uit groot moerasse, afgewissel met mere, bestaan het. In 1851 publiseer Bain *The Geology of South Africa* in Londen, en in 1857 *Reminiscences and Anecdotes connected with the History of Geology in South Africa* asook *Geology of the Western Province* en *Geology of the Eastern Province.* In 1860 begin hy met die Katbergpas tussen Fort Beaufort en Queenstown, maar word siek en sterf in 1864 in Kaapstad.

Vir die letterkunde is Bain veral ook memorabel deur sy vormgewing aan die raserige en wulps-banale figuur van Kaatje Kekkelbek, wie se stem in 1838 op die Grahamstad se amateurtoneel gehoor is:

My name is Kaatje Kekkelbek,
I come from Katrivier,
Daar is van water geen gebrek,
But scarce of wine and beer.
Myn A B C at Ph'lipes school
I learnt a kleine beetje,
But left it just as great a fool
As gekke Tante Mietje.

SPOKEN: – Regt dat's amper waar wat ouw Moses in the Kaap zegt van Dr Ph'lipes zyn school. Hy zegt: "Das ist alles flausen en homboggery".
Met myn Tol de rol, enz.
(Bain, 1949:846)

Die vroegste manuskrip met Bain se handskrif dateer uit 1835 – ongeveer die tyd net voor hy ophou boer het, en begin paaie maak het. Grahamstad was indertyd die naaste groot dorp aan die militêre fort waar hy gewerk het, en dis duidelik dat hy daar aan die sosiale lewe deelgeneem het, aangesien die stuk in 1838 daar opgevoer is.

Vanuit literêre perspektief is hierdie vroeë teks uit 1838 'n besonder lewendige en treffende uitbeelding van 'n Khoi-vrouekarakter, Kaatje Kekkelbek. Haar teenhanger in die realiteit sou mens kon sien in Saartje Baartman, wie se lewe op 21 jaar in 1815 so ongelukkig geeïndig het as sirkus-*freak* in Europa en Engeland, en wie se geraamte en onderdele lank in die Paryse Museum des Hommes bewaar is op versterkwater tot die gedig van Diana Ferrus (2003: 158-159) die Franse parlement se burokratiese gewete geroer het, en die memorabele begrafnis van Saartjie se oorskot buite Hankey in 2001. Saartje is dood aan "inflammasie", maar onlangse navorsing beweer dat sy twee kinders gehad, verskeie tale magtig was – Engels, en 'n bietjie Frans, naas haar kennis van Nederlands en haar eie Khoi-taal. Sy was klaarblyklik dus 'n intelligente vrou, hoewel die slagoffer van uitbuiting en valse voorwendsels (die man wat haar na Engeland geneem het sou aan haar gesê het dat sy as aktrise soontoe gaan, maar sy is uiteindelik op straathoeke ten toon te stel vir haar steatopygia of groot fisiese agterstewe).

Kaatje word deur Bain in sy dramatiese stuk gebruik as mondstuk om te spot met die sendelinge, en spesifiek met dr. Read en die sendeling Philip John se liberale beleid met die Khoi-nedersetting by Katberg. Dit was vir die setlaars 'n steen des aanstoots, omdat die

Katberg-nedersetting ′n veilige hawe was vir die verstrooide Khoi, en omdat hulle daarom nie meer vir die boere en Britse setlaars (waaronder Pringle en sy familie) beskikbaar was as goedkoop bron van arbeid nie.

Bain se gedig is waarskynlik ook ingegee deur die afvaardiging van die sendelinge Philip en Read, die Khoi Andreas Stoffels, en die swart man Jan Tzatzoe na Londen, om daar te kla oor die "wicked Christians" wat die inheemse mense onderdruk. Hulle het voor die "Aborigines Committee" van die Parlement getuig. Bain lê Kaatje woorde in die mond waarby sy fantaseer oor hoe aantreklik die Engelse haar sou vind, volgens Oom Stoffels, veral weens haar "face or back":

Oom Andries Stoffels in England told
(Fine compliments he paid us,)
Dat Engels dame was juist de same
As our *sweet* Hotnot *ladies*.
When drest up in my voersits pak
What hearts will then be undone,
Should I but show *my face or back*
(Kaatje here turns round)
Among the beaux of London (toegevoegde kursivering).

Daar word gesinspeel op die seksuele aantrekkingskrag wat die vreemdsoortige inheemse vroue van die kolonies vir die metropoolse mense gehad het (hieroor skryf Young, 1995).

Kaatje se fantasie oor hoe aantreklik die Engelse haar sou vind, kry Bain waarskynlik uit die realiteit van die tragiese verloop van Saartje Baartman se lewe. Sy is tussen 1810 en 1815 (met haar vroeë dood) naak ten toon gestel in Londen en Parys as menslike rariteit ("die Ander", "anders" as die wit westerse Engelse), maar seksuele titillasie het sekerlik ook ′n rol in hierdie makabere skouspel gespeel.

Oor "Kaatje Kekkelbek" bestaan daar uiteenlopende menings: die mees afwysende is seker Chapman se opinie. Aanvanklik prys hy Bain aan vir sy gebruik van "eg Suid-Afrikaanse" dialoog: "Andrew Geddes Bain is a poet who, though he lacked Pringle's 'high seriousness' was from the start aware of the need for speech rhythms that would strike an audience as distinctly 'South African' rather than 'British colonial'. In 'Kaatje Kekkelbek' he (…) employ(ed) the figure of the Hottentot temptress" (Chapman, 1984: 41-42).

′n Dekade later, in sy literêre geskiedenis van 1996, lyk dit asof Chapman van opinie verander het, as hy ironies opmerk:

> Some commentators in their eagerness to find authentic speech have delighted in Kaatje as a kind of mistress of anarchy bursting with irrepressible energy beyond the bounds of middle-class respectability. If his other writings are any guide, however, Bain's intention was probably to jeer at the Hottentot Kaatje at the same time as he allows her to debunk the humanitarian lobby as the bugbear of settler society. With anger simmering after Xhosa attacks and missionary successes in emacipationist debates, Bain's sketch in 1838 would have provided a dubious cathartic release to a settler audience by confirming the prejudices of the colony. In Bain's treatment of the frontier problem, there is great delight in words, little delight in progressive ideas" (Chapman, 1996: 101).

Chapman is nou polities korrek, en dit forseer hom om meer krities te wees oor Bain se intensies. Stephen Gray daarteenoor sien die belang en ideologiese intensie van die stuk in veel positiewer lig: "Because the Hottentot Eve is a manifestation of the white man's feelings about and interpretation of the interior, she changes her shape and her effect with the differing pressures of the Hottenots as a political factor in the course of South African history" (39); "the linguistic bredie out of which Bain derives his theatre was concocted with a strong strain of mutated English (…) it shows that it is drawn from the market-place where Dutch, English and a host of indigenous tongues interfuse once they deal with common concerns: land, stock-theft, liquor, food and justice" (52-53) en "if one chooses to view Southern African English literature as a part of a multilingual African literature, one has to hold up Andrew Geddes Bain as a more appropriate transitional figure (Gary, 1979: 57).

In Kaatje Kekkelbek het ons ′n literêre voorganger vir Lena in Athol Fugard se *Boesman and Lena*. Kaatje en Lena praat albei ′n hibridiese vermenging van Afrikaans en Engels, wat nog steeds tipies is van Oos-Kaap spreektaal. Die invloed van hierdie "Hottenot Eva" figuur was merkwaardig, as mens later werke vergelyk, soos Guy Butler se *Cape Charade; or Kaatje Kekkelbek (a play)* (1968); Gray se digbundel en titelgedig, *Hottentot Venus and other Poems* (1979), sowel as Fugard se skitterende drama oor mense wat op die "outers" van die samelewing ′n bestaan probeer maak, *Boesman and Lena.*

Andrew Geddes Bain het nie net as reisiger, joernalis, pad-ingenieur en geoloog naam gemaak, soos Lister se uitgawe van sy joernaal dit wil nie. Hy het ook as satirikus en humoris ′n basis gelê vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse letterkunde.

**Bronnelys**

Bain, Andrew Geddes. 1949. *Journals of Andrew Geddes Bain. Trader, Explorer, Soldier, Road Engineer and Geologist*. (Ed. Margaret Lister). Cape Town: Van Riebeeck Society.

Carruthers, Jane & Arnold, Marion. 1995. *The Life and Work of Thomas Baines*. Vlaeberg: Fernwood Press.

Chapman, Michael. 1984. *South African English Poetry. A Modern Perspective*.Johannesburg: Ad. Donker.

Chapman, Michael. 1996. *Southern African Literatures*. London & New York: Longman.

Ferrus, Diana. 2003. Tribute to Sara Baartman. *Tydskrif vir letterkunde* 40: 158-159.

Gray, Stephen. 1979. *Southern African Literature. An Introduction*. Cape Town: David Philip.

Young, Robert. 1995. *Colonial Desire. Hybridity in Theory, Culture and Race*. London: Routledge.



Tydskrif VIR LETTERKUNDE

ARTIKELUITNODIGING

**André P. Brink-temanommer – Maart/April 2005**

*Tydskrif vir letterkunde* beplan 'n temanommer ter viering van André P. Brink se sewentigste verjaarsdag op 29 Mei 2005.

- Artikels waarin aspekte van sy werk bespreek word, word ingewag vir die nommer wat in Maart/April 2005 sal verskyn.
- Artikels kan in Afrikaans, Engels, Frans of Nederlands aangebied word en behoort te voldoen aan die algemene vereistes wat vir akademiese navorsing in *Tydskrif vir letterkunde* geld.
- Die keerdatum vir voorleggings is 1 November 2004.

CALL FOR PAPERS

**André Brink thematic issue – March/April 2005**

*Tydskrif vir letterkunde* is preparing a thematic issue in celebration of André Brink's seventieth birthday on 29th May 2005.

- Papers in which aspects of his oeuvre are dealt with are invited for this issue to be published in March/April 2005.
- Articles may be submitted in Afrikaans, Dutch, English or French and should comply with the general guidelines for academic research published in *Tydskrif vir letterkunde*.
- The due date for submissions is 1st November 2004.